Prof. dr. Benno Zuiddam*

Prediking mag nie swig voor verbruikerskultuur

***Die skrywer is 'n predikant in die Presbiteriaanse kerk in Australië en buitengewone hoogleraar in Nuwe Testament, Grieks en Kerkgeskiedenis aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom.**
Hy het hierdie bydrae vir 'n Hollandse koerant gestuur, maar meen dat dit ook baie relevant is vir die huidige omstandighede in die Afrikaanse kerke.

Skrywer het meer as 20 jaar gelede as joernalis afgestudeer oor die onderwerp "die predikant as massakommunikator". Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat prediking, die spreek namens God, eintlik die hoogste vorm van kommunikasie is.

Dit beteken dat die predikant moeite moet doen om goed te kommunikeer.

Minder geslaagd egter is dat die kerklike lewe wêreldwyd, onder Amerikaanse invloed, dreig om oor te slaan na 'n hoorder-gerigte benadering waarin die "kliënt" koning is. Gemeentelede betaal die kerk; markaandele moet verdien en behou word.

Helaas kan ons nie meer sê dat hierdie mentaliteit nie op ons van toepassing is en ons koppe meewarig daaroor skud nie. Die verbruikerskultuur het ook in reformatoriese kerke reeds skrikwekkende vorme aangeneem. Vanuit die buiteland (ek is 'n predikant in Australië en werksaam by 'n universiteit in Suid-Afrika) is dit miskien makliker om

waar te neem as in Nederland self. Wie hom midde-in 'n situasie bevind, aanvaar sommige sake as vanselfsprekend sonder om te veel daaroor na te dink.

Hier in Australië het ons, onder die druk van vergaande verwêreldliking, ervaar hoe verleidelik dit is om sogenaamde hoordergerigte strategieë in die kerklike lewe en in die prediking toe te pas. Ons bely in die kerk dat dit God is wat (moet) doen. "Woord en Gees," sê ons vroom, maar intussen het aktivisme oorgeneem. Anders gebeur daar niks.

Ons organiseer en bereken alles en laat niks aan die toeval oor nie. Ons doen goeie bemarking vir ons regsinnige produk. Daarna plak ons weer God se plakker op. Vind ons dit dan vreemd dat die jeug in die gereformeerde tradisie eksistensiële bekommernisse het? Is daar wel iets onder die plakker, of was dit alles mensewerk?

Profielskets

Dit begin al by die beroepingsproses. Ons adverteer nog nie in koerante nie, maar kandidate moet hulle profiele opstel en so bekendheid opbou. Ons voorvaders het nog geglo aan gebed en vas. Tans word dit vervang deur geskrewe of ongeskrewe profielsketse. Die Amerikaanse idee van die kerk as bedryf het breë inslag gevind.

Watter boodskap stuur ons hiermee na die wêreld uit? Dat ons mense liefhet en hulle vashou, ongeag hulle gebreke? Of word mense afgedank as hulle nie langer die strategiese doelstelling van die organisasie dien nie? Die gevolg is dat lede hulle soos die organisasie gaan gedra. Inplaas van om trou te wees op die plek waar die Here jou gestel het en daar 'n bydrae te lewer, gaan mens op 'n inkopietog – onder die vrome voorwendsel van geestelike voeding, natuurlik. Ons leef in 'n verbruikersamelewing.

Is die werklike probleem nie dat die kerk reeds Jerusalem verlaat en haar markstalletjie op die Areopagus oopgemaak het nie? Dade spreek tog harder as woorde. Dominees ruil hulle oortuigings in namate die kerk verander. Broodprofete? Oordeel nie te hard nie, ook hulle het gesinne om te versorg. Niks is egter gevaarliker vir 'n kerk as predikante en lidmate wat dinge sê omdat die klub dit van hulle verwag nie.

Outentiek

Opregtheid is 'n goeie Nederlandse woord wat ons baie in die Bybel teëkom, maar helaas al hoe minder om ons raaksien. Die kommunikasiewetenskap leer egter dat 'n opregte verhaal uit die hart, van oog tot oog, meer verrig as die beste *Powerpoint*-voorlegging.

Duidelikheid in kommunikasie is goed, om oormatig te strewe na wat indruk maak, is nie. Ter wille van inkomste en gewildheid is dit verleidelik om hoorders te behaag. Wie, soos ek, naas teologie ook massakommunikasie gestudeer het, is versigtig daarmee. Met behulp van die regte psigologiese opbou, stem-intonasie, gepaard met emosionele voorbeelde, is dit baie maklik om mense te "bereik".

Sou 'n bedienaar van die Woord dit egter wil doen? Wat jy saai, sal jy maai. Is ons gerig op die outentieke werksaamheid van die Gees en Woord, of moet ons verhaal "dit doen"? Dit sal baie jammer wees as God ons verhaal nodig het om aan die Woord te kom. Het dit nou ook in die kerk so geword dat "God mense help wat hulleself help" (Benjamin Franklin)?

In die Bybel is God die Een wat na die mens uitreik en sy dienaars daarvoor gebruik. Waar dit in opregtheid gebeur, is die hoorder nie meer geïnteresseerd in aardse dinge nie, maar in die hemelse skat. "Hoorders" word dan "aanbidders" in Gees en waarheid.

Mag kerkdienste verdwyn en eredienste terugkom! DK